

# Regsetiek as deel van die LLB-kurrikulum

*Christa van Wyk*

---

C. van Wyk, navorsingsgenoot, Departement Jurisprudence, Universiteit van Suid-Afrika;  
buitengewone professor, Departement Romeinse Reg, Regsgeskiedenis en  
Regsvergelyking, Universiteit van die Vrystaat

---

## **Opsomming**

Die Suid-Afrikaanse regsberoep verkeer in 'n morele krisis ten spyte daarvan dat professionele gedragsreëls en verskeie liggame onetiese gedrag probeer bekamp.

In hierdie artikel word van die veronderstelling uitgegaan dat die doseer van regsetiek aan universiteite die probleem kan help oplos mits vrees vir straf nie as die grondslag van regsetiek aanvaar word nie. Professionele gedragsreëls moet eerder op 'n dieper filosofiese grondslag berus. Indien aanvaar word dat daar een grondslag vir etiese beginsels in 'n land soos Suid-Afrika kan bestaan, kan die deontologie van Kant, die nuttigheidsleer van Bentham en die deugsetiek van Aristoteles met vrug ondersoek word. Die gevolgtrekking waartoe gekom word, is dat laasgenoemde die beste grondslag vir regsonderrig bied en dat hiermee 'n dieper moraliteit as 'n blote gehoorsaamheid aan reëls gekweek kan word.

**Trefwoorde:** beraadslaging; deontologie; deugde; deugsetiek; etiek; gelykheid; gematigdheid; (die) goeie; integriteit; LLB; legalisme; moed; nuttigheidsleer; opvoeding; praktiese wysheid; reëls; regsetiek; regverdigheid; relativisme; respek; verpligting

## **Abstract**

### **Legal ethics as part of the LLB curriculum**

The legal profession in South Africa finds itself in a moral crisis, despite the fact that laws (such as the Attorneys Act 53 of 1979 and the Admission of Advocates Act 74 of 1964) and professional rules govern the conduct of legal practitioners. The seriousness of the situation is emphasised by the recent adoption of a Code of Judicial Conduct in terms of the Judicial Service Commission Act 9 of 1994, as amended in 2008. This means that fraternal norms issuing from an autonomous professional society – which was previously the case – have now been changed into a body of judicially enforced regulations. The act itself provides for a judicial conduct committee and judicial conduct tribunal which investigate complaints lodged against judges, some of which may be of such a nature that judges may eventually be impeached and removed from their position, something which last happened in South Africa in 1898.

A 2010 report produced for the Council on Higher Education on the content of the LLB curriculum, which researched the views of role players in the judiciary, legal practice and legal education, shows that a fundamental grasp of ethics by law graduates is regarded by respondents as being of the utmost importance. The South African Qualifications Authority includes among the aims of the LLB that law graduates should be able to maintain ethical standards which will guide and assist them not only in their professional conduct but also in their life.

It is submitted that the professional rules, codes of conduct and legislation referred to above are unable, on their own, to ensure ethical conduct by legal professionals. The emphasis on rules and a legalistic approach will not have the desired effect. Legal ethics is more than a technical adherence to rules for fear of sanction. A deeper philosophical conviction needs to be inculcated in legal graduates. Professional rules which have been taught and applied in South Africa over the years therefore need to be supported and supplemented by a proper value system and philosophical theory.

The article discusses three philosophical theories as possible candidates for supporting the teaching of legal ethics at university. They are Bentham's utilitarian theory, Kant's deontology, and Aristotle's virtue ethics. Depending on which moral viewpoint is accepted, the aim of an ethical education would be to ensure that legal practitioners act in such a way that the greatest happiness for the greatest number of people is brought about (Bentham); or that they obey rules and fulfil their obligations (Kant); or that they develop virtuous characters (Aristotle).

After a consideration of some of the salient features of each theory, the conclusion is reached that Aristotle's virtue ethics offers the most appropriate philosophical framework for the teaching of legal ethics. The point of departure of virtue ethics is that students can be taught and inspired to be (more) ethical. It emphasises the cardinal virtues of practical wisdom, courage, moderation and justice (from which all the other virtues such as integrity, equity, honesty and respect flow), and focuses on education, character building and the emulation of the example set by good persons. Virtue ethics is a positive and stimulating form of ethics. Instead of promoting a passive adherence to rules, virtue ethics encourages students to think about their conduct. It prepares them for a career in the adversarial system where practitioners can become so client-oriented that they neglect the broader public interest or fulfil their role in ways they would frown upon in their private life.

The question arises whether it is possible to have one (legal) ethical foundation which would be acceptable to the different cultures in a country such as South Africa. It is submitted that some ethical relativism, which allows local custom to influence professional rules, is acceptable. Examples include the proper dress code for legal professionals in court which has changed from that which pertained in the past and contingency fees, which have only recently gained acceptance.

Most ethicists, however, accept that some values and principles are fundamental, immutable and universal. Such core values are indispensable for communities to survive, as they inhibit extreme individualism which may endanger the cohesion and survival of the group. These core values include courage, justice and practical wisdom, which are more or less the same as the cardinal virtues described in Aristotle's virtue ethics. It is therefore submitted that virtue ethics can serve as a proper basis for the teaching of legal ethics.

---

A valid criticism of virtue ethics as a common ethical foundation for South African law practitioners is the following: the concept of virtues is a rather vague one. Virtues lack content and they are often interpreted or concretised differently by different cultures. For example, the payment of money or gifts to a decision-maker or superior may be regarded by some cultures as bribery and consequently as a serious personal defect as far as honesty is concerned, while other cultures may regard this as a way of showing respect.

It is submitted that this problem may be addressed by a process of deliberation and debate between all role players. During this process the views of various cultures may be explained, critically examined and compared, with a view to finding the common good for society. Aristotle holds that people will be willing to abandon their cultural traditions and usages in their aim to attain the common good for society. Nussbaum, a modern virtue ethicist, writes that critical debate may help people to realise that their way of doing things is not necessarily the best one and that some usages will be accepted as being outright wrong. The deliberative process advocated by Habermas implies that such a debate should be open and rational. All participants should be able to express their views freely and should be accorded equal respect.

The outcome of such a deliberation could well be a concretisation of virtues and a set of professional rules which would then be regarded as legitimate and binding. People will feel bound by these rules because they will have had the opportunity to debate the virtues and to choose the concomitant rules themselves.

**Keywords:** common good; courage; deliberation; deontology; education; equality; ethics; integrity; justice; LLB; legal ethics; legalism; moderation; obligations; practical wisdom; relativism; respect; rules; utilitarianism; virtues; virtue ethics

## 1. Inleiding

Hierdie bydrae bespreek die moraliteitskrisis waarin die regsberoep tans verkeer en die feit dat bestaande wetgewing, gedragsreëls en -kodes nie daarin slaag om etiese gedrag te verseker nie. Een van die redes hiervoor is waarskynlik dat gedrag nie berus op 'n deurdagte normatiewe waardestelsel nie en dat daar met 'n suiwer legalistiese benadering volstaan word.

Die bydrae probeer om 'n oplossing vir die probleem aan die hand te doen deur in oorweging te gee dat (a) regsetiek as verpligte vak in die LLB-leerplan ingevoer behoort te word en (b) 'n normatiewe raamwerk – wat meer as blote gehoorsaamheid aan reëls inhou – as basis vir so 'n kursus behoort te dien. Die teorieë van Kant, Bentham en Aristoteles word in hierdie verband oorweeg en daar word tot die gevolgtrekking gekom dat die deugsetiek van Aristoteles die beste grondslag vir so 'n kursus bied, veral omdat dit groot klem op karakterbou, opvoeding en inoefening plaas.

Om te verseker dat alle rolspelers hulle met so 'n waardestelsel sal vereenselwig en dit as rigtinggewend vir die beoefening van die beroep sal aanvaar, word verder in oorweging gegee dat 'n beraadslagende proses kan help om inhoud aan die soms vae begrip *deugde* te gee.

## 2. Moraliteitskrisis in Suid-Afrika

Etiese probleme in die sakewêreld, politiek en landsadministrasie is alledaags in Suid-Afrika. Die minagtende wyse waarop openbare ampte soms bekleed word, blyk uit die vernietigende opmerkings deur regter Murphy in *Freedom Under Law v The National Director of Public Prosecutions, The National Commissioner: South African Police Service, The Head: Specialised Commercial Crime Unit, The Inspector-General of Intelligence, Richard Naggie Mdluli and Minister of Safety and Security*.<sup>2</sup>

Suffice it to say that the conduct of the respondents is unbecoming of persons of such high rank in the public service, and especially worrying in the case of the NDPP [National Director of Public Prosecutions, a senior officer of this court with weighty responsibilities in the proper administration of justice. The attitude of the respondents signals a troubling lack of appreciation of the constitutional ethos and principles underpinning the offices they hold.

Misdaad, armoede en korrupsie vier hoogty en dit lyk asof baie mense deur grypsug beheer word. Die omgewing word bedreig en die armstes in die gemeenskap word swaar getref.

Oral word pogings aangewend om hoë etiese standaarde af te dwing. In die sakewêreld bepaal die Maatskappywet 71 van 2008 en die Maatskappyregulasies van 2011<sup>3</sup> byvoorbeeld dat elke maatskappy soos in die wet omskryf<sup>4</sup> 'n sosiale en etiekkomitee moet instel.<sup>5</sup> Hierdie komitee moet die maatskappy se aktiwiteite monitor op onder meer die terrein van etiek en die bestuur van die omgewing. Daar word ook probeer om korrupsie in die staatsdiens op nasionale, provinsiale en plaaslike vlak uit te roei, en 'n teenkorrupsieburo word deur die Public Administration Management Bill, 2013 in die vooruitsig gestel.<sup>6</sup>

Wat die regsberoep betref, is reeds in 1997 'n nasionale konferensie oor etiek gehou om die snelle agteruitgang in professionele waardes onder die loep te neem en om te debatteer hoe die gety van morele verval gestuit kon word.<sup>7</sup> Tydens die konferensie is die volgende stellings gemaak: "The profession [has] reached a stage of corruption in the broadest sense of the word ... [where] there is no respect for authority and rules"<sup>8</sup> en "[I]ssues are ... bent with the justification that they are not illegal, even though they violate the rules of ethical or decent behaviour."<sup>9</sup> Daar is gewys op grootskaalse morele afstomping<sup>10</sup> en op die feit dat hoë vlakke van korrupsie en omkoperij in 'n samelewing heers waar waardes soos integriteit, respek en regverdigheid nie meer geld nie. Sprekers het verwys na etiek en 'n goeie waardestelsel as die welsyn en werklike rykdom van 'n samelewing – eerder as sy grondstowwe.

Hoe lyk die prentjie vandag – 16 jaar later?

Dit is waarskynlik korrek om te beweer dat die situasie nog verder verswak het. Onlangs is berig dat die prokureurs se getrouheidswaarborgfonds meer as R100 miljoen moes betaal vir geld wat prokureurs tussen Januarie en Oktober 2012 van hul kliënte gesteel het terwyl hulle dit vir hulle in trust moes hou.<sup>11</sup> Eise teen die fonds het in 2012 drievoudig teenoor 2008 toegeneem en daar word voorspel dat as die huidige tendens voortduur, die getrouheidswaarborgfonds binne vyf tot tien jaar nie meer lewensvatbaar sal wees nie.<sup>12</sup>

Selfs van die heel voorste regspraak die pad byster. 'n Voormalige medevoorsitter van die Suid-Afrikaanse Regsgenootskap (SA Law Society) en die eerste vroulike president van die National Association of Democratic Lawyers het 'n vals beëdigde verklaring onderteken om regsfooie te bekom.<sup>13</sup> 'n Vorige voorsitter van die Regsgenootskap van die Noordelike Provinsies is onlangs deur die hof beveel om die bedrag geld wat hy afgetrek het van die uitbetaling wat deur die Padongelukkefonds aan 'n persoon toegeken is, te verminder. Die prokureur was ingevolge die Wet op Gebeurlikheidsgelde 66 van 1997 geregtig om hoogstens 25% van die totaal wat die hof toegeken het, as vergoeding vir sy dienste te neem. Die slagoffer van die motorongeluk het egter kwalik meer as die helfte van die toekenning ontvang.<sup>14</sup>

Die regbank is ook nie verleenheid gespaar nie. Verskeie beskuldigings is sedert 2006 teen die regterpresident van die Kaapse hoë hof gebring, onder meer van moontlike belangebotsings weens sy uitgebreide sakebelange.<sup>15</sup> 'n Formele klag – dat hy regters van die konstitusionele hof op onbehoorlike wyse probeer beïnvloed het met betrekking tot 'n korrupsieszaak hangende teen president Zuma – is in 2008 teen hom ingedien. Die saak is na die regterlike gedragstribunaal verwys wat moet beslis of hy in 'n staat van beskuldiging geplaas moet word.<sup>16</sup> In verband met hierdie kwessie het 'n verdere geskil ontstaan deurdat die regters wat die klag gelê het, die jurisdiksie van die tribunaal betwis.<sup>17</sup>

Voorvalle soos hierdie het 'n negatiewe impak op die beeld van regspleging en die regbank in Suid-Afrika. Om behoorlik te kan funksioneer moet die regbank se integriteit en morele gesag deur die publiek aanvaar word. Die openbare vertroue in onder meer die onafhanklikheid van die regbank word ernstig geskaad wanneer regters swak of twyfelagtig optree.

### 3. Gedragskodes

Bogenoemde voorvalle het plaasgevind ondanks die toepassing van etiese gedragskodes en die feit dat die Wet op Prokureurs 53 van 1979 en die Wet op Toelating van Advokate 74 van 1964 die onderskeie beroepe reguleer. Regsgenootskappe en balierade tree dissiplinêr op wanneer hierdie kodes verbreek word en kan aansoek by die howe doen dat oortreders van die rol geskrap word.<sup>18</sup>

Benewens die voorskrif in die Grondwet<sup>19</sup> dat regters toepaslik gekwalifiseerd en gepaste en (moreel) geskikte persone moet wees,<sup>20</sup> is hulle ook tradisioneel deur ongeskrewe etiese gedragstandaarde geleë. Hiervolgens moet hul gedrag in sowel hul privaat as professionele lewe onberispelik wees en moet hulle met die fatsoenlikheid en temperament optree wat van regters verwag word. Die volgende eienskappe is al as noodsaaklik vir regters bestempel: onpartydigheid, regverdigheid, intellektuele bekwaamheid, integriteit, onafhanklikheid, ywer, emosionele volwassenheid, wysheid en die morele bevoegdheid om tussen reg en verkeerd te kan onderskei.<sup>21</sup> Regters moet oor die morele integriteit beskik om oor ander te kan oordeel en moet in staat wees om hul eie gedrag net so helder te beoordeel as dié van ander mense.

Ten spyte van die aanvanklike teenkanting uit die geledere van senior regters is onlangs besluit om 'n bindende statutêre gedragskode vir regters te aanvaar.<sup>22</sup> Die Wet op die

Regterlike Dienskommissie 9 van 1994 (soos gewysig deur die Wysigingswet 20 van 2008) maak voorsiening vir 'n kode van regterlike optrede<sup>23</sup> en in Oktober 2012 is so 'n kode deur die parlement aanvaar (hierna die regterlike gedragskode genoem).<sup>24</sup> Hierdie kode dien nou as die heersende standaard van regterlike gedrag waaraan regters gevolg moet gee.<sup>25</sup>

Die Wet op die Regterlike Dienskommissie bepaal onder meer dat die “registreerbare” belange van regters en hul onmiddellike familieledede in 'n register opgeneem moet word en dat die publiek toegang tot 'n deel van die register moet hê.<sup>26</sup> Die regterlike gedragskode bevat streng voorskrifte oor buitewerk. Die enigste vergoeding wat dienende regters mag ontvang – buiten hul salarisse of bedrae wat hul toekom in hul hoedanigheid van regter – is tantième vir die skryf of redigering van regsboeke.<sup>27</sup> Soortgelyke reëls geld ook afgetrede regters.<sup>28</sup>

Verder stel die wet 'n regterlike gedragskomitee<sup>29</sup> binne die Regterlike Dienskommissie in wat klagtes teen regters moet ondersoek.<sup>30</sup> Enige persoon of lid van die publiek kan 'n klagte indien wat deur hierdie komitee ontvang en oorweeg moet word.<sup>31</sup> Die klagte kan insluit dat die regter aan 'n onvermoë ly, uitermate onbevoeg is of hom of haar grof wangedra het. Hierdie gronde kan uiteindelik ingevolge die Grondwet<sup>32</sup> tot 'n staat van beskuldiging en verwydering uit die pos lei – iets wat in 1898 laas in Suid-Afrika gebeur het toe regter John Kotzé met president Paul Kruger oor die toetsingsbevoegdheid van die Transvaalse hoë hof gebots het en uit sy amp onthef is.<sup>33</sup>

Die klagte kan ook minder ernstig wees, soos dat die regter die regterlike gedragskode verbreek het, 'n amp beklee of geld ontvang het anders as uit hoofde van die regtersamp, of op 'n manier opgetree het wat nie 'n regter betaam nie of wat die onafhanklikheid, waardigheid, toeganklikheid en bevoegdheid van die howe benadeel.<sup>34</sup>

Die gedragskomitee se voorsitter, of een van sy lede, ondersoek die saak en indien nodig kan 'n formele verhoor gehou word. Die ondersoek is inkwisories van aard en daar rus geen bewyslas op enige persoon nie.<sup>35</sup> Indien bevind word dat die regter aan so 'n mindere oortreding skuldig is, kan die regter betig word, 'n skriftelike waarskuwing ontvang, berading of spesiale opleiding ondergaan, of verplig word om die klaer om verskoning te vra.<sup>36</sup>

As die komitee egter meen dat daar 'n prima facie-saak vir 'n staat van beskuldiging is, moet die saak na die regterlike gedragstribunaal verwys word.<sup>37</sup> Die tribunaal moet 'n formele (inkwisoriese) ondersoek sonder onredelike vertraging hou en kan getuies roep, waarna sy bevinding aan die Regterlike Dienskommissie oorhandig moet word.<sup>38</sup> Na oorweging van hierdie verslag besluit die Regterlike Dienskommissie of die regter in 'n staat van beskuldiging geplaas moet word al dan nie. Indien wel, lig die kommissie die speaker van die Nasionale Vergadering hieroor in. Die Nasionale Vergadering kan dan met 'n tweederde-meerderheid besluit dat die regter uit sy of haar pos onthef moet word.

Soos in die Verenigde State van Amerika, het etiekreglyne in Suid-Afrika ontwikkel van “fraternal norms issuing from an autonomous professional society” tot “a body of judicially enforced regulations”. Regsetiek het verander in positiewe reg wat deur die howe afgedwing kan word, en professionele gedragsreëls het regtens bindende standaarde van gedrag geword.<sup>39</sup>

Gedragkodes en wetgewing op sigself is egter nie in staat om etiese gedrag onder regspraktisyns te verseker nie, selfs al bestaan byvoorbeeld die regterlike gedragkode uit sowel regstegniese reëls as breë etiese bepalings<sup>40</sup> wat dit teoreties moontlik maak om die bestaan van gedragreëls te “bewys”, al word hulle nie spesifiek in ’n riglyn vervat nie.<sup>41</sup>

Daar word in oorweging gegee dat ’n dieper morele oortuiging en filosofiese grondslag vir die bestendiging van etiese gedrag nodig is en dat daar nie maar net volstaan kan word met gedragreëls en -voorskrifte vir regslui soos wat soms beweer word nie.<sup>42</sup> Die redes hiervoor kan soos volg opgesom word: reëls en gedragkodes bevorder dikwels morele passiwiteit, omdat mense dan minder oor hul gedrag hoef na te dink; die formulering van die grense van goeie gedrag kan juis daartoe lei dat mense die grense gaan beproef; daar bestaan altyd onsekerhede en grys gebiede, hoe duidelik die reëls ook al geformuleer word;<sup>43</sup> en reëls moet nog altyd geïnterpreteer word. Verder is die volgende opmerking al gemaak: “Most of what is called legal ethics is similar to rules made by administrative agencies. It is regulatory. Its appeal is not to conscience, but to sanction.”<sup>44</sup>

#### 4. Regsetiese opleiding

Regsetiek is reeds in 1974 – na die Watergate-skandaal – as verpligte kursus deur die American Bar Association ingestel en het sedertdien in Anglo-Amerikaanse regskole in belangrikheid toegeneem.<sup>45</sup> Ook in Suid-Afrika word regsetiek al jare lank as praktiese kursus deur voornemende advokate en prokureurs tydens hul leerklerskap gevolg.

Wat betref universiteitsopleiding, het die Raad op Hoër Onderwys redelik onlangs die doeltreffendheid van regsopleiding aan Suid-Afrikaanse universiteite laat ondersoek. Tydens die ondersoek is die menings van belangegroepe soos die prokureursorde van Suid-Afrika, werkgewers en regspraktisyns (insluitend regsprekende beamptes) ingewin oor die mate waarin die LLB in die behoeftes van die praktyk voorsien. Die verslag wat in 2010 uitgebring is, toon dat ’n grondige begrip van regsetiek deur die meeste rolspelers, insluitend die prokureursorde, as noodsaaklik beskou word<sup>46</sup> en dat hulle meen dat kennis, vaardighede en etiese waardes gedurende die leerproses geïntegreer moet word.<sup>47</sup>

Aan die einde van Mei 2013 is ’n LLB-beraad gehou waarby verteenwoordigers van die balie en sybalie, die regsdekane, regstudente, departement van justisie en ander belanghebbendes oor die graad besin het. Daar is onder meer besluit om die opleiding weer oor vyf jaar te laat strek (soos wat vantevore die geval was) en om oor die samestelling van die LLB te herbesin. Tydens die beraad is etiek en ’n verbintenis tot sosiale geregtigheid as van die heel belangrikste komponente van die LLB-graad geïdentifiseer.<sup>48</sup>

Die Suid-Afrikaanse kwalifikasiesgesag (SAQA)<sup>49</sup> wat saam met die Raad op Hoër Onderwys die gehalte van hoër onderwys moet verseker, beskryf juis een van die doelstellings van die LLB soos volg: “Om regsgraduandi te lewer wat die vereiste etiese standaard kan handhaaf en hul verantwoordelikheid sal aanvaar om ’n regverdigte gemeenskap te skep wat gegrond is op ’n grondwetlike demokrasie en die ‘rule of law’, binne ’n internasionale regsorde.” Van die uitkomst sluit spesifiek in dat gegradueerdes verantwoordelik en eties moet kan optree en komplekse en diverse regsprobleme krities en eties moet kan oplos. Verder word ook

verwag dat studente etiese standaarde en waardes moet verwerf wat hulle “kan lei en bystaan in beide hul [privaat] lewe en professionele optrede”.<sup>50</sup>

SAQA skryf geen kurrikulum vir die LLB-graad voor nie en probeer nie om alle LLB-grade wat in die land toegeken word, identies te maak nie. Die LLB-graad word generies gedefinieer, wat beteken dat die essensiële minimum uitkomst en hul assesseringskriteria op 'n abstrakte manier geïdentifiseer word en nie aan enige bepaalde kurrikulum-inhoud gekoppel word nie. Sekere uitkomst, maar geen bepaalde inhoud nie, word dus voorgeskryf en 'n raamwerk word geskep waarbinne universiteite kan vernuwe.

Universiteite staan nou voor die groot uitdaging om inhoud aan 'n kursus in regsetiek te gee en om die kursus te doseer binne 'n raamwerk van regsopleiding waar die klem tradisioneel op formalisme en legalisme val, en nie soseer op die oplos van regsprobleme met inagneming van morele waardes nie. Sommige universiteite het reeds vóór hierdie ondersoek begin om regsetiek as deel van die LLB-leergang aan te bied. In 2004 is so 'n kursus byvoorbeeld as keusevak aan Unisa ingevoer en het dit later 'n verpligte deel van die LLB geword.<sup>51</sup>

## 5. Wat is regsetiek?

Etiek kan beskou word as 'n afdeling van die filosofie wat vrae rondom moraliteit ondersoek. Moraliteit is op sy beurt 'n versameling oortuigings oor wat 'n goeie lewe is en oor die verskil tussen goed en kwaad. *Etiek* en *moraliteit* word dikwels ook as sinonieme gebruik.<sup>52</sup>

Etiek help ons om te besluit wat die regte en redelike manier is om in bepaalde situasies op te tree.<sup>53</sup> Regsetiek (as toegepaste etiek) gaan oor praktiese keuses en dit probeer om die volgende vraag te beantwoord: Hoe behoort 'n regspraktisyn op te tree om 'n goeie, ordentlike en betaamlike een te wees?

Afgesien van openbare belang in die integriteit en professionele lewe van regsgeleerdes, duik 'n meer persoonlike aspek ook op. Dit gaan oor die verwerping van etiese waardes wat regspraktisyns in hul lewe kan bystaan, iets waarna een van die SAQA-uitkomst hier bo verwys. Anders gestel: Hoe kan 'n regsgeleerde aan die einde van sy of haar lewe weet dat dit 'n goeie lewe was? Die regsliteratuur maak melding van 'n spanning wat kan ontstaan tussen regsgeleerdes se professionele rol en hul persoonlike lewe en moraliteit. In die uitvoer van hul pligte tree prokureurs en advokate soms op 'n wyse op wat indruis teen wat hulle glo die moreel regte ding is om in hul persoonlike lewe te doen. Veral die adversatiewe of akkusatoriese stelsel (soos wat in Suid-Afrika geld) kan hiertoe lei. Hiervolgens moet regsverteenwoordigers hul kliënte se belange nougeset nastreef en bevorder en tree die regter as finale “skeidsregter” in die stryd op. Praktisyns kan soms sake onnodig uitrek of manipuleer en allerlei tegniese punte opper omdat dit tot voordeel van hul kliënte is, of hulle kan eerbare getuies so aggressief ondervra dat laasgenoemde tydens die hofproses gediskrediteer word. Verder moet hulle, sodra hulle 'n kliënt se saak aanvaar het, die kliënt verteenwoordig, ongeag hul persoonlike mening oor laasgenoemde se karakter of die morele meriete van sy saak.<sup>54</sup> Praktisyns kan so kliëntgerig word dat hulle hul breër etiese en openbare verantwoordelikheid uit die oog verloor.



Selfs al word aanvaar dat dit moontlik is om regspraktisyns se professionele lewe van hul private oortuigings te skei, kan hul professionele optrede ernstig nadelig vir hul morele welstand wees. As iemand keuses maak waarmee hy of sy op die lange duur nie kan saamleef nie, kan dit tot die vernietiging van persoonlike integriteit en 'n eie lewensplan lei wat intense berou tot gevolg kan hê.

## 6. Filosofiese basis van regsetiek

Watter inhoud behoort 'n kursus in regsetiek te hê?

Studente behoort eerstens daarop gewys te word dat hulle 'n beroep beoefen en die openbare belang dien. Hulle bedryf nie maar net 'n besigheid nie. Professionele mense beskik oor gespesialiseerde intellektuele kennis wat nie geredelik vir leke toeganklik is nie, en hul professionele integriteit is dus van die grootste belang. Die gedagte behoort verder by hulle tuisgebring te word dat regsetiek nie bestaan uit die tegniese nakoming van 'n stel reëls uit vrees vir straf nie, maar dat etiese gedrag op 'n dieper filosofiese basis berus.

Daar is 'n paar belangrike morele perspektiewe wat in hierdie verband deur die dosent oorweeg kan word. Vir doeleindes van hierdie bespreking word volstaan met Bentham se nuttigheidsteorie, Kant se deontologie en Aristoteles se deugsetiek. Afhangende van watter een van hierdie uitgangspunte gevolg word, kan die doelwit van 'n etiese opvoeding wees om die maksimum welsyn of geluk in die samelewing teweeg te bring, of om te verseker dat regsgeleerdes reëls en verpligtinge sal nakom, of om te sorg dat hulle deugsame karakters ontwikkel.

'n Kort oorsig word vervolgens gegee van enkele belangrike kenmerke van die utilitiese uitgangspunt van Bentham, die reëlgebaseerde uitgangspunt van Kant en Aristoteles se deugsetiek.

### 6.1 Bentham se nuttigheidsteorie

Vir Bentham (1748–1832) bestaan moraliteit daarin dat die grootste welsyn of geluk vir die grootste aantal mense teweeggebring word en dat daarna gestreef word om die hoeveelheid pyn in die wêreld te minimaliseer. Daar is net een uiteindelijke morele beginsel: die beginsel van nuttigheid. Wanneer daar 'n keuse tussen twee optredes is, moet daardie een gekies word wat die bes moontlike gevolge vir alle betrokke partye sal inhou. Optrede is moreel reg as dit neig om geluk te bevorder en verkeerd as dit neig om pyn (of die vermindering van geluk) mee te bring. Dit is meer bevredigend om 'n medemens – al is dit 'n vreemdeling – te sien in 'n situasie van geluk as van lyding.<sup>55</sup> Die utilis sien net een uiteindelijke doel, naamlik om dit te doen wat die beste gevolge vir die meeste sal inhou.<sup>56</sup>

Volgens hierdie teorie moet regspraktisyns die nuttigste bydrae tot die totale geluk (welsyn) van die lede van die samelewing probeer lewer.<sup>57</sup> Hulle moet nie verantwoordelikheid aanvaar net vir die gevolge wat hul handeling meebring nie, maar ook vir die nalating van handeling wat goeie gevolge sou gehad het. Vanuit die nuttigheidsetiek word goeie regspraktisyns geken aan die uitwerking of gevolge wat hul optrede het.<sup>58</sup>

Om die regte morele handeling te bepaal, moet 'n belange-afweging of nutsberekening gedoen word en moet regspraktisyns weet watter belange in moreel relevante situasies waardevoller as ander is – iets wat problematies kan wees en waaroor daar grondliggend verskil kan word. Waardes soos veiligheid, gelykheid en integriteit word deur sommige aanhangers van die utilisme as van groot belang beskou, terwyl ander utiliste, soos J.S. Mill, meen dat die plesier of geluk van die intellek, gevoelens of verbeelding swaarder behoort te weeg as sensuele plesier.<sup>59</sup>

Afgesien van die vraagstuk oor watter belange die swaarste moet weeg, ontstaan die vraag verder of Bentham se teorie altyd reg kan laat geskied aan die handelende individu (agent) se integriteit en die verwesenliking van sy of haar eie lewensplanne. Volgens hierdie teorie tel elke mens se geluk ewe veel, ook die agent s'n. Aangesien die agent onpartydig moet bly, kan daar van hierdie individu verwag word om sy of haar eie ideale op te offer indien dit vir ander so 'n groot nuttigheidswaarde het dat die totale nut vir die gemeenskap verhoog word.<sup>60</sup> Sommige mense sal gevolglik nooit hul eie lewensplanne kan verwesenlik nie – iets wat op die lange duur tot vervreemding en verlies van integriteit lei. Voorstanders van hierdie teorie meen egter dat die utiliteitsbeginsel nie van mense verwag om hul lewensplan ter wille van ander op te offer nie en dat daar eerder gestrewe moet word na 'n harmonie tussen hul eiebelang en die belange van ander.<sup>61</sup>

Benewens bostaande kritiek teen Bentham se teorie moet gemeld word dat nie alles wat nuttig is, noodwendig reg is nie. Nuttige dinge – soos die kloning van mense – is nie noodwendig eties nie. Nie sommer enige metode kan gebruik word om die grootste geluk vir die meeste mense teweeg te bring nie.

## **6.2 Kant se pligsbesef**

Immanuel Kant (1724–1804) se deontologie is gebaseer op die pligsbesef. Die enigste ding wat intrinsiek en ongekwalifiseerd goed is, is dat mense kies om iets te doen omdat dit hul plig is. Hy verwys in dié verband na die goeie en vrye wil van 'n rasonale mens. Sonder hierdie wil is 'n mens nie in staat om etiese besluite te neem nie.<sup>62</sup>

Die morele waarde van die individu se optrede spruit uit 'n wilsdaad (om jou plig te doen uit pligsbesef en uit respek vir die morele reg)<sup>63</sup> en nie omdat sekere gevolge daarmee bereik kan word<sup>64</sup> of omdat daar met 'n sekere motief gehandel word nie.<sup>65</sup>

Vir Kant beteken om moreel te wees dieselfde as om redelik of rasoneel te wees.<sup>66</sup> Sy morele wet ontstaan uit 'n suiwer intellek. Die menslike rede bepaal dat sekere beginsels noodwendig as 'n universele moraliteit moet geld. Die eerste beginsel van die universele moraliteit is die kategoriese imperatief, wat inhou dat elkeen so moet handel dat sy of haar optrede 'n algemene reël kan word. Dit sluit byvoorbeeld die verpligting in om beloftes na te kom, om altyd die waarheid te praat en om eerlik te wees. Dit is die beginsel van universaliteit wat – eenvoudig gestel – beteken dat mense ander moet behandel soos hulle self behandel wil word.<sup>67</sup> Die standaard om gedrag te beoordeel is dus die veruniverseelbaarheid daarvan.

'n Uitvloeisel van die kategoriese imperatief is dat daar altyd so opgetree moet word dat die mens (insluitend die individu wat handel) as 'n doel op sigself bestaan en nooit (soos dinge)

'n blote middel tot 'n doel mag word nie. Die mens het absolute waarde wat onaantasbaar is. Mense is moreel gelyk en elkeen verdien respek.

Die kategoriese imperatief is 'n opdrag van die rede. Elke redelike mens wil hê dat verpligtinge altyd nagekom word, selfs al bevorder dit nie die agent se persoonlike doelwitte of belange nie.<sup>68</sup> Om moreel te handel, is om ooreenkomstig die beginsels te handel wat almal as redelik (sou) aanvaar.<sup>69</sup> Verpligtinge word dus nie van buite die mens (byvoorbeeld deur kulturele norme of godsdienstige wette) opgelê nie en word nie nagekom uit vrees vir straf of hoop op beloning nie. Van almal word verwag om rasioneel en outonoom op te tree en uit eie beweging hul morele plig na te kom.<sup>70</sup> Mense hoef na geen ander rede te soek nie as die besef dat dit verkeerd is om nie hul plig na te kom nie.<sup>71</sup> Kant se teorie meet die moraliteit van optrede aan die mate waarin daardie optrede reëls nakom en word beskryf as verpligting- of reëlgebaseerde etiek.

Vanuit die deontiek word moreel goeie regspraktisyns dus geken aan hul pligsgevoel en die feit dat hulle graag hul plig wil doen. Hul belangrikste karaktereienskap is hul outonomie, dit wil sê hul vermoë om selfwetgewend te wees en om vir hulself handeling op te lê wat deur plig vereis word.

Die kritiek wat teen Kant se deontologie ingebring kan word, is dat sy pligsbesef te abstrak is om as handleiding vir die gewone lewe te dien. Sy teorie slaag ook nie daarin om 'n bloot legalistiese nakoming van reëls te voorkom nie. Dit is verder moeilik om morele mense te herken, omdat die buitestander nie weet wat die werklike beweegrede vir hul optrede is nie. Handel hulle uit pligsbesef of omdat die nakoming van hul verpligtinge 'n manier is om een of ander eksterne doelwit te behaal?

### **6.3 Aristoteles se deugsaamheid**

Aristoteles (384–322 v.C.)<sup>72</sup> en Plato (427–347 v.C.) se deugetiese is 'n goedheidsetiek<sup>73</sup> wat die ideaal van 'n goeie lewe nastreef. Mense wil graag 'n goeie lewe lei en deugde stel hulle in staat om dit te doen. 'n Goeie lewe is een wat noodsaaklik, goed of bevorderlik vir die mens of die groep is en hulle in staat stel om te gedy. Vir die deugetiese en 'n begrip van 'n goeie lewe is geluk (*eudaimonia*), selfverwesenliking en persoonlike integriteit (waar die persoon trou bly aan hom- of haarself) van kardinale belang.<sup>74</sup> Terselfdertyd is deug 'n beloning op sigself en het dit intrinsieke waarde, omdat dit mense in staat stel om gelukkig te wees. Deugetiese word daarom ook 'n geluksetiek genoem wat nie alleen op die individu se geluk gerig is nie, maar ook op dié van die gemeenskap.<sup>75</sup> Die juistheid van optrede (ook van die regspraktisyn) word dus beoordeel aan die hand van die vraag of dit 'n goeie lewe verwesenlik.

Uit hul karakter en nie soseer uit hul optrede nie, word mense as moreel goeie mense geken. Deugetiese beskou *karakter* as 'n holistiese en inklusiewe manier van denke. Dit bestaan uit 'n konsekwente en geïntegreerde stel dryfvere, insluitend 'n persoon se begeertes, oortuigings, waardes en doelstellings.<sup>76</sup> Karakter omvat 'n neiging of motivering om op 'n bepaalde manier te handel, en gevolglik handel 'n moreel goeie persoon *gewoonlik* op 'n sekere manier. Die motief waarmee opgetree word, is van die uiterste belang, en iemand wat die regte handeling met 'n slegte beweegrede verrig, kan nie moreel goed genoem word nie.<sup>77</sup> Mense se handelingspatroon, met ander woorde die soort lewe wat hulle lei, gee uitsluitel oor hul karakter. Deugsame mense se optrede word

gekenmerk deur stabiliteit en 'n bepaalde patroon van optrede. Om byvoorbeeld ander se behoeftes te respekteer, is nie 'n soort voorkeur wat 'n mens willekeurig by geleentheid beoefen nie, maar eerder 'n vaste neiging of gewoonte.<sup>78</sup> Enkele immorele handeling word deur deugetici beskou as tydelike afwykings wat nie met die persoon se karakter strook nie. Dit is strydig met daardie persoon se karakter – of dan “buite karakter”, om die Engelse “out of character” letterlik te vertaal. Mense wat nie deugdelik is nie, tree nie konsekwent op nie; hulle is impulsief en onstabiel. Hulle beskou iets nou as goed en netnou weer as sleg.<sup>79</sup>

Vir Aristoteles is dit wat iemand behóórt te doen, dit wat 'n deugsame mens of 'n mens met praktiese wysheid sou doen.<sup>80</sup> Morele goedheid van karakter is die bron van “goeie” handeling. Die deugde van (praktiese) wysheid/verstandigheid (*phronesis*), moed, matigheid/gematigdheid, en regverdigheid word dikwels die vier kardinale deugde genoem. Hulle het deur die eeue dieselfde gebly en al die ander deugde, soos respek en eerlikheid, is van hulle afhanklik.<sup>81</sup> Hierdie vier deugde is interafhanklik en elke goeie handeling bevat elemente van al vier.

Praktiese wysheid (in teenstelling met natuurlike wysheid, waaroor ook diere beskik) is die vermoë om te kan besin oor wat bevorderlik vir 'n goeie lewe is en om te weet watter optrede in bepaalde situasies moreel regverdigbaar is. Dit stel mense in staat om rationeel te handel om 'n bepaalde doel te bereik wat as goed of edel beskou word en om die regte oordeel te vel oor watter dinge belangrik is. Mense se idee van 'n goeie lewe is in die finale instansie die dryfveer vir hul optrede.<sup>82</sup> Dit help hulle om hul lewe te beplan en spoor hulle aan om persoonlike moed aan die dag te lê. Die deug van gematigdheid bestaan volgens Aristoteles daarin om *gepas* te reageer (in oordeel, gevoel en optrede) op die situasie waarin die persoon hom of haar bevind. Dit beteken byvoorbeeld dat die persoon nie te waaghalsig nie, maar ook nie te bang moet wees nie, en dat hy of sy sal weet hoe en wanneer om te reageer op iets wat gebeur het. Moed hou onder meer in dat mense die vermoë het om weerstand die hoof te bied en selfs gevaar in die gesig te staar ter wille van 'n saak wat hulle as noodsaaklik vir 'n goeie lewe beskou. Regverdigheid hou onder meer in dat gelyke gevalle gelyk behandel word.

In deugetiek val die klem op opvoeding. Opvoeding behels nie soseer die aanleer van reëls nie, maar eerder die ontwikkeling van karakter. Volgens Plato en Aristoteles kan 'n program van karakterbou met sukses gevolg word. Studente kan geléer word om (meer) deugdelik te wees deur 'n proses van gewoondmaking, inoefening, ondervinding en toewyding. Onder die leiding van die dosent kan studente sekere aksies herhaal en sodoende gaandeweg die ooreenstemmende deug, soos regverdigheid, verwerf. Karakter bepaal nie alleen hoe iemand optree nie, maar word ook op sy beurt deur die individu se handeling gevorm. Wanneer deugdelike handeling herhaal word, ontstaan 'n patroon wat 'n deugdelike karakter tot gevolg het. Die individu se optrede vorm nie alleen sy of haar eie houding en toekomstige handeling nie, maar ook dié van ander.<sup>83</sup>

Plato wys dan ook daarop dat vriende en kennisse mense in hul keuses beïnvloed en daarom maan hy dat mense versigtig moet wees met wie hulle assosieer.<sup>84</sup> Diegene wat 'n mens tot onetiese gedrag aanmoedig, behoort dus liever vermy te word. Positiewe rolmodelle, daarenteen, is belangrik. In die Suid-Afrikaanse konteks beteken dit dat daardie persone in ons regsgegeskiedenis wat die deug van byvoorbeeld moed aan die dag gelê het ter wille van 'n goeie saak, se voorbeeld met vrag aan studente voorgehou kan word. Studente kan hulle ook die vraag afvra hoe deugsame persone in denkbeeldige situasies

sou optree, en hulle kan binne die regs konteks geleer word om sekere handeling as manifestasies van deugde te herken.<sup>85</sup> Dit kan byvoorbeeld inhou dat regsopinie moet ooreenstem met die kernwaardes van die regstelsel en ander etiese oorwegings of dat regspraktisyne die morele moed en verantwoordelikheid aan die dag behoort te lê om hul kliënte teen immorele optrede te adviseer.

Dit is egter geen eenvoudige taak om studente te leer wat etiese gedrag is nie:

As being ethical requires exercising moral sensitivity and judgment on the appropriate occasions, in the right way, and with unfailing consistency, the task should not be taken as a simple one. Motivation and courage are crucial aspects of moral behaviour.<sup>86</sup>

Van die belangrikste kritiek teen die etiek van deugsaamheid is dat daar geen objektiewe maatstaf bestaan wanneer twee deugde mekaar uitsluit of met mekaar meeding nie. In antwoord hierop word gestel dat 'n waardehiërargie vir die regsomgewing met sy eiesoortige etiese probleme tog opgestel kan word, wat dit moontlik maak om tussen botsende deugde te kies,<sup>87</sup> en dat praktiese wysheid mense in staat stel om in bepaalde omstandighede tussen mededingende waardes te kies.<sup>88</sup>

## 7. Universele deugde

Die soeke na 'n filosofiese grondslag as basis van regsetiese onderrig veronderstel dat daar een etiese waarheid kan wees vir verskillende samelewings en kulture. Hierdie vraag kan globaal gevra word, maar dit is veral geldig in 'n land soos Suid-Afrika met sy verskeidenheid kulture.

Die postmodernisme aanvaar byvoorbeeld geen enkele uitgangspunt as die regte een nie en wil eerder die stem van "die ander" laat hoor.<sup>89</sup> Volgens een stroming van postmodernisme, die kommunitarisme, bepaal die samelewing die sosiokulturele en historiese konteks waarin mense hulself ten volle kan verwesenlik. Daar is geen universele morele standaard of een etiese transkulturele waarheid nie, maar verskillende benaderings tot etiek wat almal ewe waardevol en geldig is. Die enigste morele standaard waarteen 'n samelewing se praktyke getoets kan word, is sy eie, en daar is geen gemeenskaplike grond waar lede van verskillende gemeenskappe tot 'n vergelyk oor etiek kan kom nie.<sup>90</sup>

Die meeste regsetici aanvaar dat etiese relativisme in sekere omstandighede aanvaarbaar is. Sekere sedes, soos dié wat betrekking het op kleredrag en ordentlikheid, hang met plaaslike gebruike saam. Die Suid-Afrikaanse geskiedenis toon dat sekere professionele riglyne in dié verband deur die loop van die eeue verander het.<sup>91</sup> Die voorskrif dat advokate nie met hul kliënte mag ooreenkom om in die opbrengs van die saak te deel nie, is ook eers betreklik onlangs in Suid-Afrika met die aanvaarding van die Wet op Gebeurlikheidsgelde in 1997 opgehef.

Daar is egter perke aan die mate waarin etiese verskille verduur moet word. Indien etiese relativisme tot sy uiterste konsekwensie gevoer word, ontstaan die gevaar van nihilisme wat die verskil tussen reg en verkeerd ontken en geen poging aanwend om etiese praktyke

objektief of krities te beoordeel nie. Alles word toelaatbaar en niks is in beginsel verkeerd nie.

Etici meen gevolglik dat daar 'n aantal kernwaardes en beginsels is wat fundamenteel en universeel dwarsoor kulture en deur die geskiedenis heen geld.<sup>92</sup> Antropologiese navorsing toon dat sulke kernwaardes onontbeerlik vir gemeenskappe is en dat menslike moraliteit ontwikkel het om individualisme te beperk wat die groep se kohesie en oorlewing in gevaar kon stel.<sup>93</sup> By moraliteit gaan dit daaroor dat met die behoeftes en belange van ander rekening gehou moet word.

'n Voorbeeld van so 'n grondliggende waarde wat ononderhandelbaar is, is respek.<sup>94</sup> Ander universele waardes wat oor die hele spektrum kulture voorkom, sluit in wysheid/verstandigheid, moed, gematigdheid, menslikheid (wat weer liefde en barmhartigheid insluit) en regverdigheid.<sup>95</sup> Toegepas op die regspraktyk kan kernwaardes soos respek, lojaliteit, integriteit, wysheid, eerlikheid, empatie, sorg en regverdigheid onderskei word.<sup>96</sup>

Die kernwaardes wat universele aanvaarding vind, is ongeveer dieselfde as dié wat Aristoteles en Plato in hul deugetiese voorgestaan het.<sup>97</sup> Daar word gevolglik in oorweging gegee dat deugetiese die beste grondslag vir 'n kursus in regsetiek bied.

Dit is verder ook 'n positiewe en stimulerende vorm van etiek wat nie soseer die kwaad bestry of sekere handeling verbied nie, maar die goeie bevorder. Dit moedig mense aan om hul karakters te ontwikkel.<sup>98</sup> In teenstelling met die passiewe nakoming van reëls, prikkel deugetiese mense om oor hul gedrag na te dink.

Deugetiese kan gebruik word ter aanvulling en ondersteuning van die bestaande etiese raamwerk en professionele gedragsreëls wat oor baie jare plaaslik en internasionaal vasgelê is. Dit sal voorkom dat volstaan word met die gedagte dat solank as wat reëls nie oortree word nie, alles in orde is. Deugetiese streef daarna om lede van die regsberoep so goed as moontlik, of selfs optimaal, in 'n etiese sin te laat funksioneer.

Geldige kritiek wat egter teen deugetiese geopper word, is dat die begrip *deug* uiters abstrak is en dat daar min of selfs geen eensgesindheid bestaan oor watter konkrete inhoud aan deugde soos respek, regverdigheid of moed gegee moet word nie.<sup>99</sup> Daar kan groot verskille tussen kulture bestaan in die praktiese toepassing van en inhoudgewing aan deugde. Reeds in die 5de eeu v.C. het die Griekse geskiedskrywer Herodotus die verskille tussen kulture en hul gewoontes in sy *The Histories* beskryf:

As jy aan mense die kans bied om uit alle gewoontes van die wêreld die een te kies wat vir hulle die beste lyk, sal hulle hul eie kies – so oortuig is hulle dat hul eie gebruike ander groepe s'n ver oortref. Dat mense so oor hul eie wette voel, blyk uit die volgende. Toe Darius koning geword het, het hy sekere Grieke na hom laat kom en vir hulle gevra wat hy hulle moet betaal om die liggame van hul vaders te eet wanneer dié te sterwe kom. Hierop het hulle geantwoord dat geen som geld hulle in die versoeking sou bring om so iets te doen nie. Darius vra toe vir sekere Indiërs wat wel hul vaders eet, wat hy hulle moet betaal om die liggame van hul vaders te verbrand wanneer hulle te sterwe kom. Die Indiërs het

hard uitgeroep en hom gesmeek om nie so te praat nie. So is mense se gebruike. Gewoonte kraai koning.<sup>100</sup>

Die inheemse Kaapse bevolking van die 18de eeu het verswakte oumense in die veld gelaat om daar te sterf,<sup>101</sup> en in sommige primitiewe samelewings is mense selfs doodgemaak wanneer hulle 'n sekere ouderdom bereik het, omdat geglo is dat hulle beter in die hiernamaals sou vaar as hulle nog redelik sterk en aktief ten tye van hul dood was.<sup>102</sup> Hierdie praktyke kan almal beskou word as optredes wat spruit uit respek (vir ouer mense).

In die moderne Suid-Afrikaanse konteks is byvoorbeeld ook al daarop gewys dat korrupsie 'n moeilike begrip is om te definieer, omdat dit in moraliteit en etiek geanker is en afhang van die bepaalde sosiale konteks. "Wat as omkoopgeld in een kultuur beskou word, kan maklik as 'n aanvaarbare blyk van waardering of respek in 'n ander kultuur gesien word."<sup>103</sup>

## 8. Voorstel

'n Voorstel om hierdie probleem te hanteer en wat moontlik verdere ondersoek verdien, is dat daar 'n beraadslagende proses tussen alle belanghebbendes en rolspelers in Suid-Afrika moet plaasvind. Hiertydens kan verskillende kulture se posisies en menings met betrekking tot die inhoud van deugde soos regverdigheid en moed bespreek en beredeneer word.<sup>104</sup> Dit sal moet geskied met inagneming van die waardes menswaardigheid, gelykheid, vryheid, nierassigheid, nieseksisme, regverdigheid en die heerskappy van die reg soos vervat in die Grondwet,<sup>105</sup> en teen die agtergrond van 'n internasionale regsorde. In dié verband kan daarop gewys word dat regters reeds die verpligting het om op hoogte te bly van die verskille in die multikulturele Suid-Afrikaanse samelewing, wat wissel vanaf "Eurosentriese" oortuigings tot "ubuntu".<sup>106</sup>

Die manier waarop prakties uiting gegee word aan deugde, kan dan krities tydens so 'n proses vergelyk word. Aristoteles was daarvan oortuig dat mense in hul gesamentlike soeke na die goeie bereid sal wees om afstand te doen van hul voorouers se gewoontes en hul eie gebruike.<sup>107</sup> Nussbaum, 'n moderne aanhanger van die deugetiese en van die beraadslagende proses, beskryf die moontlike uitkoms van so 'n debat soos volg:

The process of comparative and critical debate will, I imagine, eliminate numerous contenders ... But what remains might well be a (probably small) plurality of acceptable accounts ... Certain ways in which people see the world can still be criticized exactly as Aristotle criticized them: as stupid, pernicious, and false.<sup>108</sup>

Kritiese debat laat mense besef dat hulle manier van doen nie noodwendig die beste een is nie en stel hulle in staat om tot 'n vergelyk met ander kulture te kom oor wat 'n goeie menslike lewe beteken.

Volgens Habermas word reëls deur die beraadslagende proses gelegitimeer. 'n Riglyn is geldig slegs indien almal wat daardeur geraak word, daartoe instem nadat hulle deelgeneem het aan 'n oop en rasonele debat oor die onderwerp. So 'n debat is moontlik net wanneer

deelnemers hulself vryelik kan uitdruk en die reg het op gelyke deelname aan die beraadslaging. Die proses veronderstel morele respek vir almal.<sup>109</sup> (Hier is natuurlik ook interessante raakpunte met Kant se teorie wat hier bo bespreek is.<sup>110</sup>)

Die resultaat van so 'n proses kan dan professionele riglyne wees wat voortspruit uit die basiese kerndeugde soos deur die deugetici uiteengesit. Mense sal gebonde hieraan voel, omdat hulle dit self gekies het nadat hulle daarvoor gedebatteer het.

## Bibliografie

Aristoteles. 2002. *Nichomachean ethics*. Rowe, C. en S. Broadie (vert.). Oxford: Oxford University Press.

Audi, R. (red.).1995. *The Cambridge dictionary of philosophy*. Cambridge: Cambridge University Press.

Becker, M.J. 2012. Ethiek en kwaliteit van de rechtspraak. *Trema*, 35(1):3–7.

Becker, M. e.a. (reds.). 2010. *Deugdethiek en integriteit: Achtergrond en aanbevelingen*. Assen: Van Gorcum.

Bergh, J.S. 2013. A perspective on State President S.J.P. Kruger: Chief Justice J.G. Kotzé's *Biographical Memoirs and Reminiscences*. *Historia*, 58(1):106–21.

Cleaver, R.B. 1997. Opening address. National Conference on Ethics in the Legal Profession, Sentrum vir Beroepsetiek, Universiteit van Pretoria, 18–19 Julie.

Cook, A.E. 1992. Reflections on postmodernism. *New England Law Review*, 26(3):751–82.

Deigh, J. 1995. Ethics. In Audi (red.) 1995.  
[http://www.archive.org/details/RobertAudi\\_TheCambridge.Dictionary.of.Philosophy](http://www.archive.org/details/RobertAudi_TheCambridge.Dictionary.of.Philosophy)  
(30 Augustus 2013 geraadpleeg).

De Villiers, D.E. 1997. Promoting professional ethics in the present South African society. National Conference on Ethics in the Legal Profession, Sentrum vir Beroepsetiek, Universiteit van Pretoria, 18–19 Julie.

Du Plessis, C. 2013. Fonds teen skelm regslui in die pekel. *Rapport*, 2 Maart.  
<http://www.rapport.co.za/Suid-Afrika/Nuus/Fonds-teen-skelm-regslui-in-die-pekkel-20130302>  
(30 Mei 2013 geraadpleeg).

Eshete, A. 1984. Does a lawyer's character matter?. In Luban (red.) 1984.

Greenbaum, L.A. 2009. The undergraduate law curriculum: Fitness for purpose?. Ongepubliseerde PhD-proefskrif, Universiteit van KwaZulu-Natal.



- Habermas, J. 1994. Human rights and popular sovereignty: the liberal and republican versions. *Ratio Juris*, 7(1):1–13.
- . 1995. On the internal relation between the rule of law and democracy. *European Journal of Philosophy*, 3(1):12–20.
- Hill, T.E. 2000. Kantianism. In LaFollette (red.) 2000. *The Blackwell guide to ethical theory*.
- Jaggar, A.M. 2001. Feminist ethics. In LaFollette (red.) 2000. *The Blackwell guide to ethical theory*
- Kamtekar, R. 2004. Situationism and virtue ethics on the content of our character. *Ethics*, 114:458–91.
- Kolbe, P. 1727. *Naaukeurige en uitvoerige Beschryving van De Kaap De Goede Hoop*. Tweede Deel. Amsterdam: Balthazar Lakeman.
- Kronman, A.T. 1987. Living in the law. *The University of Chicago Law Review*, 54:835–76.
- Ladd, J. 1987. *Ethical relativism*. Belmont, Kalifornië: Wadsworth.
- LaFollette, H. (red.). 2000. *The Blackwell guide to ethical theory*. Oxford: Blackwell.
- Legalbrief TODAY*, 2 Februarie 2007.
- Legalbrief TODAY*, 14 Februarie 2013.
- Legalbrief TODAY*, 7 Junie 2013.
- Levine, S.J. 2003. Taking ethics codes seriously: broad ethics provisions and unenumerated ethical obligations in a comparative hermeneutic framework. *Tulane Law Review*, 77:527–74.
- Lewis, E.A.L. 1982. *A guide to professional conduct for South African attorneys*. Kaapstad: Juta.
- Luban D. (red.). 1984. *The good lawyer: Lawyers' roles and lawyers' ethics*. Totowa, New Jersey: Rowman & Allanheld.
- Macklin, R. 1999. *Against relativism: Cultural diversity and the search for ethical universals in medicine*. Oxford: University Press
- Mahomed, I. 1998a. The role of the judiciary in a constitutional state. *South African Law Journal*, 115(1):111–5.
- . 1998b. The independence of the judiciary. *South African Law Journal*, 115(4):658–67.
- Markovitz, D. 2003. Legal ethics from the lawyer's point of view. *Yale Journal of Law and the Humanities*, 15:209–93.

Nussbaum, M. 1995. Human capabilities, female human beings. In Nussbaum en Glover (reds.) 1995.

—. 1998. Non-relative virtues: an Aristotelian approach. In Sterba (red.) 1998.

Nussbaum, M. en J. Glover (reds.). 1995. *Women, culture and development: A study of human capabilities*. Oxford: University Press

Peterson, C. en M.E.P. Seligman. 2004. *Character strength and virtues*. Oxford: University Press

Pickett, G. 2010. *The LLB curriculum: A research report produced for the advice and monitoring directorate of the Council on Higher Education*.

[http://www.lssa.org.za/upload/Report on LLB Research Findings.pdf](http://www.lssa.org.za/upload/Report%20on%20LLB%20Research%20Findings.pdf) (23 April 2013 geraadpleeg).

Quinot, G. 2013. Die reg se oënskynlike onvermoë om korrupsie in staatskontraktering in Suid-Afrika hok te slaan. *LitNet Akademies*, 10(1):215–47. <http://www.litnet.co.za/Article/die-reg-se-onskynlike-onvermo-om-korrupsie-in-staatskontraktering-in-suid-afrika-hok-te-slaan> (30 Augustus 2013 geraadpleeg).

Radloff, G. 1997. The moral crisis in the legal profession. National Conference on Ethics in the Legal Profession, Sentrum vir Beroepsetiek, Universiteit van Pretoria, 18–19 Julie.

Riddal, J.G. 1991. *Jurisprudence*. Durban: Butterworths.

SAQA. Registered Qualification Bachelor of Laws. <http://regqs.sqa.org.za> (23 April 2013 geraadpleeg).

Scott, S.J. 2006. Knowledge production and transmission in a changing society: Challenges facing law lecturers in a distance education environment in South Africa. *South African Journal for Higher Education*, 20(5):731–43.

Shaffer, T.L. 1987. The legal ethics of radical individualism. *Texas Law Review*, 65:963–91.

Stanford Encyclopedia of Philosophy. Virtue Ethics. <http://plato.stanford.edu/entries/ethics-virtue/> (15 Mei 2013 geraadpleeg).

Sterba, J.P. (red.). 1998. *Ethics: The big questions*. Oxford: Blackwell.

Van Tongeren, P. 2010. De deugdeethiek. In Becker e.a. (reds.) 2010.

Van Wyk, C.W. 2001. Relativism versus universalism in international research ethics: A discursive solution?. *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg*, 64(2):257–67.

—. 2012. Romeinse reg en regsgeeskiedenis in die LLB-kurrikulum. *Fundamina*, 18(1):174–86.

Velasquez, M. e.a. 1992. Ethical relativism. *Issues in Ethics*, 5(2).  
<http://www.scu.edu/ethics/publications/iie/v5n2/relativism.html> (23 April 2013 geraadpleeg).

Verschuur, H.H.A. 1996. Ethise grondslagen van de morele opvoeding: Een utilitisch perspektief. Ongepubliseerde doktorsproefskrif, Katholieke Universiteit van Nijmegen.

Vorster, N. 2013. Die Westerse mens en betekenisverlies. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 53(1):30–44.

Wesson, M. en M. du Plessis. 2008. Fifteen year policy review. Suid-Afrikaanse Presidensie. [http://www.thepresidency.gov.za/docs/reports/15year\\_review/jcps/transformation\\_judiciary.pdf](http://www.thepresidency.gov.za/docs/reports/15year_review/jcps/transformation_judiciary.pdf) (30 September 2013 geraadpleeg).

Woolley, A. en S.L. Bagg. 2007. Ethics teaching in law school. *Canadian Legal Education Annual Review*, 1. SSRN. <http://ssrn.com/abstract=1466214> (31 Mei 2013 geraadpleeg).

## Eindnotas

<sup>1</sup> Hierdie artikel is 'n verwerkte weergawe van 'n voordrag getiteld “Regsetiek: 'n klassieke erfenis?” wat gelewer is by die 30ste tweejaarlikse kongres van die Klassieke Vereniging van Suid-Afrika, Resepsie, Universiteit van die Vrystaat 8–11 Julie 2013. Die artikel is gegrond op werk wat finansiëel deur die Nasionale Navorsingstigting (NRF) gesteun is. Enige mening, bevinding, gevolgtrekking of aanbeveling wat hier uiteengesit word, is dié van die skrywer en die NRF aanvaar geen aanspreeklikheid ten opsigte daarvan nie.

<sup>2</sup> 2013-9-23 saaknr. 26912/12 (NGP) par. 26. Die uitspraak is intussen in appèl geneem.

<sup>3</sup> GN no. R 351 GG 34239 van 26 April 2011. Sien reg. 43, Social and Ethics Committee.

<sup>4</sup> D.w.s. elke staatsbeheerde maatskappy, genoteerde publieke maatskappy en enige ander maatskappy wat meer as 500 punte in enige twee van die voorafgaande vyf jare gehad het. Punte word bepaal deur o.m. die getal werknemers en die jaarlikse omset.

<sup>5</sup> Artt. 72(4) en (5).

<sup>6</sup> Die buro sal as 'n agentskap bestuur word. Die doelstellings van die wetsontwerp sluit in om voorsiening te maak vir “standards of conduct and anti-corruption measures to promote service delivery, ethical conduct and professionalism of employees” (kl. 3(h)). Die wetontwerp maak verder melding van 'n skool vir leierskap en bestuur van publieke administrasie (kl. 32).

<sup>7</sup> National Conference on Ethics in the Legal Profession, aangebied deur die Sentrum vir Beroepsetiek van die Universiteit van Pretoria. Universiteit van Pretoria, 18–19 Julie 1997.

<sup>8</sup> Cleaver (1997).

<sup>9</sup> Radloff (1997).

<sup>10</sup> De Villiers (1997).

<sup>11</sup> *Legalbrief TODAY*, 14 Februarie 2013: General: Cheating attorneys a growing concern – Hawks.

<sup>12</sup> Du Plessis (2013).

<sup>13</sup> *Legalbrief TODAY*, 14 Februarie 2013: General: Top attorney signs false affidavit.

<sup>14</sup> Die Padongelukkefonds het byna R2 800 000 aan die slagoffer toegestaan, maar sy het net meer as R1 700 000 ontvang. Sien *Legalbrief TODAY*, 14 Februarie 2013: Litigation: Judges enforce cap on contingency fees.

<sup>15</sup> Hy het byvoorbeeld toestemming verleen aan 'n maatskappy (Oasis Group Holdings), van wie hy 'n konsultasiefooi ontvang het, om 'n mederegter van dieselfde hof vir laster te dagvaar. Volgens hofstukke sou hy tussen 2002 en 2006 ongeveer R500 000 van die groep ontvang het. Sien *Legalbrief TODAY*, 2 Februarie 2007: Litigation: Papers reveal Oasis paid Hlopho nearly R500 000. Sien in die algemeen Wesson en Du Plessis (2008:15).

<sup>16</sup> Sien eindnota 39 hier onder.

<sup>17</sup> Die regters betwis die grondwetlikheid van art. 24(1) van die Wet op die Regterlike Dienskommissie in die Suid-Gauteng hoë hof. Hierdie bepaling magtig 'n openbare aanklaer om bewyse te versamel en voor te lê by die dissiplinêre verhoor van 'n regter wat van wangedrag aangekla word. Hulle meen dat dit die beginsel van die skeiding van magte skend.

<sup>18</sup> Indien die Legal Practice Bill aanvaar word, sal hierdie liggame vervang word deur 'n Legal Practice Council, wat 'n staatsbeheerde liggaam sal wees.

<sup>19</sup> 1996.

<sup>20</sup> Art. 174(1).

<sup>21</sup> Mahomed (1998a:111); Mahomed (1998b:658); Scott (2006:734). Sien ook die "Bangalore Principles of Judicial Conduct" wat in 2002 in Den Haag aanvaar is.

<sup>22</sup> Die regters het nietemin saamgewerk en in 2000 'n gedragskode op skrif gestel wat aan die Departement van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling oorhandig is (Harms 2006). Die kode was gebaseer op grondwetlike vereistes en internasionale standaarde.

<sup>23</sup> Art. 12.

<sup>24</sup> Code of Judicial Conduct adopted in terms of Section 12 of the Judicial Service Commission Act, 1994. Regulasie no. R 865 GG 35802 van 18 Oktober 2012.

<sup>25</sup> Art. 12(5). Voorts moet regters op hoogte bly van die verskille in sosiale houdings en waardes in die multikulturele Suid-Afrikaanse samelewing (art. 7 van die regterlike gedragskode, "Equality Note" (ii) en (iii)).

<sup>26</sup> Art. 13. Die minister moet, na oorlegpleging met die hoofregter, bepaal watter belange geregistreer moet word. Die voorstel wat die wetgewing voorafgegaan het, was dat alle onroerende bates, aandele, direkteurskappe of enige ander belang in korporatiewe entiteite, tantième, borgskappe en geskenke van meer as R1 000 verklaar moet word en dat enige inkomste wat nie verkry word uit die regtersamp nie, geregistreer moet word.

<sup>27</sup> Sien art. 15 van die regterlike gedragskode getiteld "Extra-judicial income", asook art. 11(1) van die wet wat bepaal dat 'n dienende regter die skriftelike toestemming van die minister, in oorleg met die hoofregter, hiervoor nodig het.

<sup>28</sup> Art. 11(2) van die wet bepaal dat 'n afgetrede regter net met die skriftelike toestemming van die minister, na oorleg met die hoofregter, enige amp teen vergoeding mag beklee of enige fooi, betaling of toelae mag ontvang bo en behalwe sy of haar salaris of ander vergoeding wat met die regtersamp saamhang.

<sup>29</sup> Bestaande uit die hoofregter (wat die voorsitter van die komitee is), adjunkhoofregter en vier ander regters, van wie minstens twee vroue moet wees. Sien art. 8(1).

<sup>30</sup> Art. 8.

<sup>31</sup> Art. 14(1).

<sup>32</sup> Art. 177(1)(a).

<sup>33</sup> Regter Kotzé het gemeen dat die hof die bevoegdheid gehad het om ondersoek in te stel of die Volksraad se informele besluite behoorlik volgens die voorgeskrewe grondwetlike prosedure geneem is. Bergh (2013:115).

<sup>34</sup> Art. 14(4).

<sup>35</sup> Art. 17(2).

<sup>36</sup> Art. 17(8).

<sup>37</sup> Bestaande uit twee regters (van wie een deur die hoofregter as president van die tribunaal aangewys word) en een ander persoon (wat nie 'n regsprekende beampte is nie). Minstens een lid van die tribunaal moet 'n vrou wees. Sien art. 22(1) en (2).

<sup>38</sup> Art. 26.

<sup>39</sup> Levine (2003:527–34). Hy wys daarop dat die "Canons of Professional Ethics" van 1908 blote riglyne was en nie afdwingbare reëls nie. In 1969 het die "Model Code of Professional Responsibility" etiekreëls as "blackletter law" uiteengesit en minimum standaarde beskryf waaraan voldoen moes word. In 1983 het die American Bar Association se "Model Rules of Professional Conduct" gevolg wat 'n kode van positiewe reg i.p.v. etiek was.

<sup>40</sup> Byvoorbeeld die bepaling dat 'n regter nie op so 'n manier mag optree dat die waardigheid van die howe benadeel word nie.

<sup>41</sup> Dit kan egter moontlik as ongrondwetlik beskou word om praktisyns op grond van sulke vae riglyne te skrap of te onthef en sodoende van hul inkomste te ontnem. Dit kan ook moeilik vir 'n hof wees om te bepaal watter groep se idees oor behoorlike gedrag in aanmerking geneem moet word.

<sup>42</sup> Sien byvoorbeeld Lewis (1982). Sy uitgangspunt is dat dit onnodig is om die filosofie van etiek te behandel. Die doel van sy boek is bloot om die gedragsreëls wat prokureurs moet gehoorsaam, uiteen te sit.

<sup>43</sup> Becker (2012:1).

<sup>44</sup> Shaffer (1987:963).

<sup>45</sup> Woolley en Bagg (2007:2).

<sup>46</sup> Pickett (2010). Alhoewel die resultaat van die opname wat onder belanghebbendes gedoen is, nie as statisties verteenwoordigend van die hele bevolking regsgeleerdes in Suid-Afrika beskou kan word nie, gee dit tog 'n goeie aanduiding van die vereistes wat die onderskeie beroepe vir afgestudeerdes stel en van die mate waarin die LLB tans aan die onderskeie respondente se verwagtinge voldoen.

<sup>47</sup> Greenbaum (2009:255, 354–6).

<sup>48</sup> *Legalbrief TODAY*, 7 Junie 2013: "Practice: Plan outlines to beef up LLB degree".

<sup>49</sup> South African Qualifications Authority. Sien Van Wyk (2012:174) vir 'n uiteensetting van die doelstellings van SAQA.

<sup>50</sup> Sien SAQA, "Registered Qualification Bachelor of Laws", registrasie 1 Julie 2012 – 30 Junie 2015. <http://regqs.saqqa.org.za> (23 April 2013 geraadpleeg).

<sup>51</sup> Dit val buite die bestek van hierdie artikel om vas te stel watter regs fakulteite reeds regsetiek aanbied, of om te bepaal wat die inhoud en duur van die kursus in regsfilosofie (wat die grondslag vir regsetiek kan lê) by die onderskeie universiteite is.

<sup>52</sup> Deigh (1995:284).

<sup>53</sup> Jaggar (2001:369).

<sup>54</sup> Markovits (2003:209); Eshete (1984:270); Kronman (1987:853).

<sup>55</sup> Verschuur (1996:143).

<sup>56</sup> Utilisme kan moontlik as 'n kontrakteorie beskou word, omdat dit daarop neerkom dat rasonale mense sou ooreenkom op 'n stel beginsels wat die algemene welstand sou bevorder.

<sup>57</sup> Dit is byna vergelykbaar met “die goeie” van die deugetici (sien hier onder). Bentham het egter ’n spesifieke siening van “die goeie”, nl. die maksimering van die welsyn van soveel mense as moontlik.

<sup>58</sup> Utilisme is ’n gevolgsteorie, omdat die kwaliteit van handeling beoordeel word aan die hand van die (verwagte) gevolge daarvan en die mate waarin die handeling die algemene welsyn (sal) bevorder. Gevolgsteorieë staan teenoor teorieë wat ’n beginsel as voorafbestaande uitgangspunt aanvaar. Die deontologie en deugetiek hang beide ’n beginsel aan wat as van intrinsieke waarde beskou word.

<sup>59</sup> Verschuur (1996:142).

<sup>60</sup> Die uiterste konsekwensie van die nuttigheidsleer is natuurlik dat ’n enkeling (sondebok) gedood mag word as dit ander se lewens sal spaar. Sien byvoorbeeld die bespreking deur Markovits (2003:209, 225 e.v.). Verschuur (1996:154) meen egter dat die dood van iemand – behalwe uit selfverdediging – altyd verbode is.

<sup>61</sup> Verschuur (1996:158) verwys daarna as ’n “coincidence of self-regarding interests with the interests of others”. Sy meen dat studente geleer kan word dat die individu se geluk met die welsyn van die maatskappy saamhang en dat hulle so moet optree dat die universele welsyn bevorder word.

<sup>62</sup> Vorster (2013:36).

<sup>63</sup> Kant onderskei tussen handel in ooreenstemming met plig en handel uit plig. Slegs lg. is optrede uit respek vir die morele wet. Hierdie optrede ontleen nie sy morele waarde aan die doelstellings wat daarmee verwesenlik moet word nie, soos dat die optrede tot die agent se voordeel kan wees. Verschuur (1996:133).

<sup>64</sup> Sien Bentham se utilisme hier bo.

<sup>65</sup> Sien Aristoteles se deugetiek hier onder.

<sup>66</sup> Verschuur (1996:128 e.v.).

<sup>67</sup> ’n Eتيك soortgelyk aan dié van Kant word ook in die Joodse godsdiens en etiek gevind, byvoorbeeld by Maimonides: “Behandel ander soos wat jy deur hulle behandel wil word” (Levine 2003:572).

<sup>68</sup> Hipotetiese imperatiewe, daarenteen, hou in dat die nakom van die verpligting ’n instrument of manier is om een of ander doelwit te bereik. Hulle geld vir ’n spesifieke persoon in ’n spesifieke situasie, in teenstelling met die kategoriese imperatiewe, wat in alle omstandighede vir almal geld (Vorster 2013:36 en Hill 2000:234).

<sup>69</sup> Kant se opvolger was Rawls, wat met sy “veil of ignorance” ’n stel hipotetiese omstandighede veronderstel waaronder beginsels aanvaar sou word wat deur almal as redelik beskou sou word.

<sup>70</sup> Die wil om verpligtinge na te kom of reëls te gehoorsaam, spruit uit respek vir reëls wat deur die mens self, as 'n outonome, morele en rasonale agent, gemaak word. Aangesien die mens self die verpligtinge/reëls bepaal, is hy daaraan onderworpe en verplig om hulle te gehoorsaam (Verschuur 1996:136).

<sup>71</sup> 'n Persoon wat die utilisme aanhang, sal waarskynlik redeneer dat 'n mens jou belofte moet nakom omdat jy andersins as onbetroubaar beskou sal word of jou reputasie daaronder sal ly.

<sup>72</sup> Aristoteles se *Nicomachean ethics* ('n stel briewe wat hy aan sy seun Nichomachus geskryf het).

<sup>73</sup> Die wortels van deugetik word in die antieke Chinese en selfs ouer filosofieë gevind. Moderne variasies daarvan geniet wye aanhang. Sien *Stanford Encyclopedia of Philosophy* en die verwysings daarin vervat. 'n Soortgelyke etiek word in die Joodse godsdiens benadruk, byvoorbeeld deur Nachmanides: "n Mens moet doen wat goed en reg is" (Levine 2003:543).

<sup>74</sup> Verschuur (1996:120–4, 136, 168).

<sup>75</sup> Die individu is deel van die gemeenskap en kan nie floreer as dit met sy vriende, gemeenskap of omgewing sleg gaan nie. Sien Van Tongeren (2010:19).

<sup>76</sup> Kamtekar (2004:458, 460).

<sup>77</sup> Die motivering of gesindheid waarmee iets gedoen word, is belangriker as die gevolge van die optrede (Verschuur 1996:178).

<sup>78</sup> Verschuur en bronne deur haar aangehaal verwys na "settled and dependable attitudes and ways of acting, which, though they are generally called dispositions are better thought of as habits of choice" (1996:180).

<sup>79</sup> Die sg. "situationists" beweer die teendeel – dat mense nie ooreenkomstig hul karakters optree nie, maar eerder volgens die situasie wat hom voordoet. Hulle ontken dat daar iets soos karakter is of dat karakterbou moontlik is (Kamtekar 2004:458).

<sup>80</sup> Verschuur (1996:118).

<sup>81</sup> Aristoteles beskryf ongeveer 15 deugde wat bevorderlik vir die goeie lewe is, maar vier hiervan word as kardinale deugde aangedui (Van Tongeren 2010:19 e.v.). Party moderne deugetici onderskei tussen deugde wat *noodsaaklik* is vir die algemene welsyn/goeie (eerlikheid, billikheid, opregtheid, integriteit) en deugde wat *bevorderlik* is (maar nie noodsaaklik nie) vir die algemene welsyn/goeie (vrygewigheid, medelye en simpatie) (Verschuur 1996:122, 170). Die Katolieke deugdeleer onderskei weer tussen die hoofdeugde geloof, hoop en liefde en ander, mindere deugde.

<sup>82</sup> Kamtekar (2004:479–80).

<sup>83</sup> Van Tongeren (2010:22 e.v.).



<sup>84</sup> Kamtekar (2004:490).

<sup>85</sup> Verschuur (1996:181).

<sup>86</sup> Woolley en Bagg (2007:12).

<sup>87</sup> Verschuur (1996:170).

<sup>88</sup> Kamtekar (2004:482).

<sup>89</sup> Postmoderniste bevraagteken die kernteorieë van modernisme/rasionalisme/liberalisme en die idee dat daar een geldige waardestelsel of enige universele waarhede of beginsels kan bestaan. Sien Cook (1992:751).

<sup>90</sup> Die feminisme weer meen dat etiek en etiese teorie vanuit 'n tipiese (blanke, Westerse) manlike oogpunt beskryf word en dat vroue en ander gemarginaliseerde groepe se perspektiewe nie genoegsaam geag word nie (Jagger 2001:358 e.v.).

<sup>91</sup> 'n Advokaat kon byvoorbeeld sy hoed op hou wanneer hy voor die regter in die 18de-eeuse Kaapse howe verskyn, maar 'n prokureur moes sonder sy hoed verskyn. Radloff (1997).

<sup>92</sup> Nussbaum (1995:72–5).

<sup>93</sup> Van Wyk (2001:260).

<sup>94</sup> Macklin (1999:28).

<sup>95</sup> Peterson en Seligman (2004).

<sup>96</sup> Woolley en Bagg (2007:8): "Taken together, the ethical decisions made over a lawyer's life are the variety of decisions which he or she makes acting consistently with the moral goals of lawyering, which include being loyal to her clients, respecting justice, and acting with care and compassion for others."

<sup>97</sup> Plato het die idee van 'n onveranderlike en ewige kosmiese orde voorgestaan en geglo dat 'n mens kennis van ewige waarhede kan bekom. Universele morele beginsels (soos goedheid en regverdigheid) geld universeel en is die toetssteen waarteen menslike gedrag gemeet word. Riddal (1999:53 e.v.).

<sup>98</sup> Van Tongeren (2010:20) en Becker (2012:5).

<sup>99</sup> Verschuur (1996:178).

<sup>100</sup> Ladd (1973:12). Vry uit die Engels vertaal.

<sup>101</sup> Kolbe (1728:126 e.v.).

<sup>102</sup> Velasquez (1992:2).

<sup>103</sup> Quinot (2013:220).

<sup>104</sup> Nussbaum (1998:264).

<sup>105</sup> Artt. 1, 36(1) en 37 gee 'n tabel van nie-aantasbare regte wat gelykheid, menswaardigheid, lewe, vryheid en sekerheid van die persoon insluit. Art. 165 skryf voor dat howe die reg onafhanklik, onpartydig en sonder vrees, begunstiging of vooroordeel moet toepas. Hierdie grondwetlike bepalings onderskryf Aristoteles se deugde van regverdigheid en moed.

<sup>106</sup> Sien eindnota 27 hier bo. Dit val buite die bestek van hierdie artikel om die etiese waardes van "ubuntu" te ondersoek.

<sup>107</sup> Nussbaum (1998:259).

<sup>108</sup> Nussbaum (1998:269, 270–1).

<sup>109</sup> Habermas (1994:1) en (1995:12).

<sup>110</sup> Par. 6.2.